# Laerskool Swartkop

H/v Viking & Campbellweg Valhalla 0185 Posbus 21025 Valhalla 0137
Tel 012-654-1181 Faks 086-560-1819
e-pos kantoor@laerskoolswartkop.co.za Besoek ons webwerf by www.swartkop.co.za

Grendelstaat
Nuusbrief 11
28 Aug 2020

**Tweedehandse skoolklere**
Daar is lente in die lug en ons kan eersdaags ons truie en komberse wegpak. Dis ook die tyd van die jaar wat ons besef hoe baie ons kinders deur die winter gegroei het, as hulle weer somersdrag kan dra. Daar is 'n groot behoefte aan tweedehandse skoolklere (veral groot nommers) en daarom vra ons dat ouers enige skoolklere wat te klein geword het vir die skool se klerebank sal skenk. U kan dit na die Adminkantoor toe stuur.

**Lentedag**
Leerlinge kan op Dinsdag, 1 September (groep A) en Woensdag, 2 September (Groep B) in vrolike **lenteklere** skool bywoon. 'n Blom in die hare en hulle eie lenteklere sal net die regte medisyne vir 'n vrolike Lentedag wees!

**Oorskakeling na Somersdrag**
Leerders kan nou reeds somersdrag begin dra indien hulle wil. Ons skakel egter formeel oor na somersdrag vanaf Maandag, 7 September en Swarrie-drag vanaf Vrydag, 11 September. Indien u items by ons klerewinkel wil aankoop kan u vir Me Hanlie Beukes (083 456 7644) kontak en 'n afspraak met haar maak aangesien ons nie met die huidige inperkingsmaatreëls besoekers op die skoolterrein sonder afspraak kan toelaat nie. Die skool se klerewinkel verkoop tweedehandse skoolklere teen 'n baie billike prys.

## Kultuurweek 10 – 22 September

Ons kultuurweek sou vanjaar met groot feesviering gepaardgaan, maar as gevolg van die inperking moes ons aan 'n nuwe manier dink hoe ons dit steeds kan aanbied. Daarom het ons besluit dat die deelnemers hul items in tydgleuwe sal lewer en slegs die beoordelaars sal saam met die leerder in die lokaal toegelaat word tydens deelname. Alle leerders van Graad R tot Graad 7 kan inskryf.

Die Swarrie Kultuurweek Handleiding is die skakel wat u kan gebruik wat alle afdelings, kategorieë en kriteria uiteensit en verduidelik. Inskrywings beloop R30 per item en inskrywingsvorms is slegs by die onderstaande personeel beskikbaar. Inskrywings sluit op 8 September. Die afdelings wat aangebied word is:

- Voorbereide lees 10 September - Juf. Doné Griessel
- Kreatiewe Taal 11 September - Juf. Annelize van der Merwe
- Instrumentaal 14 September- Juf. Rejeanne Kruger
- Redenaars 15 September - Juf. Riekie Bornman
- Dans 16 September - Juf. Claris Coetzee
- Fotografie 17 September - Juf. Suzet Groenewald
- Kuns 18 September - Juf. Karien Geyser
- Drama 21 September - Juf. Trudi Piekaar
- Sang 22 September - Juf. Meleney Barnes

## Bywoningsrooster tot 2 Oktober

**Oggende:** **Die leerders moet tussen 07:00 en 07:30 afgelaai word asb. Hekke sluit stiptelik 07:30.**

**Middae:** **Skool verdaag elke dag 13:00 (Gr R-2) en 13:40 (Gr 3-7). ALLE hekke sluit om 14:00. Sien asb. toe dat u kind betyds opgelaai word.**

| Dag van die Week | Roosterdag (Gr 4-7) | Groep by die skool |
|---|---|---|
| **Maandag 31 Aug** | Dag 3 | B |
| Dinsdag 1 Sept | Dag 4 | A |
| **Woensdag 2 Sept** | | B |
| Donderdag 3 Sept | Dag 5 | A |
| **Vrydag 4 Sept** | | B |
| **Maandag 7 Sept** | Dag 6 | A |
| Dinsdag 8 Sept | | B |
| **Woensdag 9 Sept** | Dag 1, Siklus 4, | A |
| Donderdag 10 Sept | | B |
| **Vrydag 11 Sept** | Dag 2 | A |
| **Maandag 14 Sept** | Dag 2 | B |
| Dinsdag 15 Sept | Dag 3 | A |
| **Woensdag 16 Sept** | | B |
| Donderdag 17 Sept | Dag 4 | A |
| **Vrydag 18 Sept** | | B |
| **Maandag 21 Sept** | Dag 5 | A |
| Dinsdag 22 Sept | | B |
| **Woensdag 23 Sept** | Dag 6 | A |
| Donderdag 24 Sept | **Erfenisdag** | - |
| **Vrydag 25 Sept** | **Skoolvakansiedag** | - |
| **Maandag 28 Sept** | Dag 6 | B |
| Dinsdag 29 Sept | **Dag 1, Siklus 1, Kwartaal 4** | A |
| **Woensdag 30 Sept** | | B |
| Donderdag 1 Oktober | Dag 2 | A |
| **Vrydag 2 Oktober** | | B |

## Kwartaalbeplanner en Herregistrasies vir 2021

Neem kennis dat die **Kwartaalbeplanner** vir Augustus tot Desember beskikbaar is op d6. **Herregistrasievorms** word volgende week aan elke leerder uitgedeel. Kontroleer asseblief u inligting daarop en stuur terug voor Dinsdag 8 September sodat ons kan weet of u kind in 2021 gaan terugkeer na Laerskool Swartkop. Maak ook seker dat die skool oor die nuutste kontakinligting beskik. Dankie vir u samewerking.

## Vleispakkette binnekort te koop

Vir u gerief bied ons binnekort vleispakkette van ons borg, Beefcor wat u sal kan aankoop deur die skool. Meer inligting en bestelvorms volg later!

## Mnr Marius se Fietsry Piekniek 10 Oktober

## Swarrie Engele – Kruideniersware projek

Baie dankie vir die skenkings wat ons reeds ontvang het. Indien dit vir u moontlik is, ontvang ons graag nog enige van die volgende items: Mieliemeel, koekmeel, blikkies tamatie- en uie sous, pasta, rys of soppoeier, vars groente wat lank hou soos aartappels, wortels, pampoen, blikkies-vleis, -groente of tuna, ontbytpap, koffie/tee, lang-lewe melk, suiker, toiletpapier, badprodukte, sanitêre ware ens.

## Swarries kan saniteer danksy Lazuline

Nie net is Swarries die beste nie, hulle gebruik ook net die beste om mee te saniteer - **ActSol™**

**ActSol™** is 'n omgewingsvriendelike, nie-toksiese en nie-vlambare deursigtige vloeistof. Dit kan direk op jou vel en meeste oppervlaktes aangewend word. Die aktiewe bestanddeel in **ActSol™** is HOCl ook bekend as Hipochloor suur. HOCl word natuurlik deur jou liggaam se witbloedselle vervaardig om infeksies te beveg. Dit is bewys dat **ActSol™** 80 keer meer effektief is as ander saniteermiddels insluitend alkoholgebaseerde saniteermiddels. Lazuline vervaardig en versprei **ActSol™** landswyd en is ook die trotse borg van al Laerskool Swartkop se saniteermiddels. Vir meer inligting gaan loer gerus by www.lazuline.co.za of volg hulle op Instagram en Facebook.

Lazuline se eienaars is trotse Swarrie ouers. Kontak hulle gerus om **ActSol™** deel te maak van julle huishoudings en besighede by info@lazuline.co.za of 071 200 8281 / 082 626 7079.

* Swarrie ouers kwalifiseer vir 'n ekstra 10% afslag gedurende September 2020. Verwys asb. na die afslagkode **LAZSwarrie01** met bestelling. Kyk gerus na 'n video: https://www.youtube.com/watch?v=LgGYxQQZXDg&feature=youtu.be

## Uit die Hoof se kantoor

Ons neem hierdie week afskeid van Mnr. Marius Bornman. Ons bedank hom vir die reuse bydrae wat hy by die skool gemaak het en ons wens hom sterkte toe met sy nuwe taak as departementshoof by Laerskool Suikerbos.

Ons poog voortdurend om die sekuriteit in die skool te verbeter. Ons is egter dankbaar vir die volkome samewerking van alle betrokkenes (personeel, leerders, ouers en die gemeenskap) by die skool. Skole is veral kwesbaar voor en na amptelike skoolure en dit is dan ook inderdaad wanneer diefstal, vandalisme en ander euwels plaasvind. U, as ouers, kan ons egter behulpsaam wees deur u kind betyds by die skool op en af te laai en hulle bewus te maak van die gevare tydens hierdie tydperke, wanneer die skool hoë verkeersdruk en menslike beweging ervaar.

Leerders wat na amptelike skoolure vir hulle ouers moet wag is veral kwesbaar in die sin dat daar nie volwasse toesig oor hulle is nie. Hierdie aspek van toesig is egter nog steeds vir ons 'n probleem, aangesien ons nie die kapasiteit en personeel beskikbaar het om hulle op te pas nie en die leerders dan op eie risiko vir hul ouers moet wag. Ons maak staat op u samewerking in die verband.

Die **Algemene Jaarvergadering** vind plaas op Woensdag, 7 Oktober. Dit is belangrik dat u kennis neem van hierdie datum aangesien die begroting aan u voorgehou sal word vir goedkeuring van 2021 se skoolfooie. Meer inligting hieroor sal binnekort aan u deurgegee word.

**M VAN DER MERWE**
**SKOOLHOOF**